


# REDAKSIES

 **Kaapstad**  
**Redakteur:** Adriaan Haak  
[haakfam@telkomsa.net](mailto:haakfam@telkomsa.net)  
**Lede:** Corlia Drijfhout,  
Anja Luijk

**Pretoria-Maranata**   
**Redaktrise:** Linda de Vente  
[gdevente@global.co.za](mailto:gdevente@global.co.za)  
**Lede:** Wilna Kerkhoff,  
Hendriët Pouwels  
**Finansies:** Cornelia Kerkhoff

 **Pretoria**  
**Redaktrise:** Carina Bijker  
[caad@tuks.co.za](mailto:caad@tuks.co.za)  
**Lede:** Lieze Bron, Eric Danielz,  
Willem de Jager,  
Arjan van Houwelingen  
**Administrasie:** Janita Agema

**Johannesburg**   
**Kontakpersone:** Leo Boessenkool,  
Pauline Seijdlitz  
**Artikelversorgers:**  
Marcia Anholts, Pauline Seijdlitz

# ADMINISTRASIE

 **Uitleg**  
Marlene de Vente  
[marlene.devente@gmail.com](mailto:marlene.devente@gmail.com)  
**Illustrasies & voorblad:**  
Alex van Houwelingen

 Ons hoop om **Die Olielamp**  
10 keer per jaar uit te gee.  
Hierdie uitgawe is ook  
elektronies beskikbaar  
by die volgende Internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

# Redaksioneel

'o Here, waarom staan U so ver weg en hou U verborge in tye van benoudheid?' Ps. 10:1

Here, waarom gee U dit nie nou nie, ek het dit NOU nodig. Nie môre, nie oormôre nie, maar NOU! Want anders... Here ek het dit so mooi beplan, maar nou... nou weet ek nie meer nie. Bekende woorde uit ons lewe, is dit nie? Hoe lief is ons nie om ons hele toekoms mooi te beplan nie? Só en só wil ek hê moet gebeur. Maar elke keer gebeur dit tog so anders. En dan gebeur dit nog op 'n tyd wat nie in my beplanning inpas nie.

Want daar is iemand wat wil deel wees van my lewe. 'n Beter Beplanner. Iemand wat die beste met my voor het. My geliefde Vader in die hemel. Hy wil nie net deel van ons planne wees nie, maar Hy wil bo ons planne staan. Dan verskuif die klem in my lewe. 'Ek' val weg en die hemelse Vader is dan my lewe. Dan lê ek my lewe voor Sy voete en bid soos Hy my geleer het 'Laat U wil geskied'. Want U is my Herder, niks sal my ontbreek nie. Dan weet ek die Here sorg op die regte tyd.

In dié uitgawe verskyn ook artikels wat ons help bou aan ons lewe met die Here. Hoe leef ek 'n Christelike lewensstyl? Gee ons aan die minderbevoorregtes, en hoe?

Geniet hierdie uitgawe!

**Let wel: die volgende uitgawe sal eers oor twee maande verskyn aangesien ons tyd nodig het vir ons Feesuitgawe...want die Olielamp is mos 10 jaar oud!!!**

Pretoria-Maranata  
Linda



# IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel .....	2
<b>Uit die Woord .....</b>	<b>3</b>
Die verhouding tussen God en ons .....	3
Deel 1: Hy is ons Herder en ons sy skape4	
'Salig is die wat treur' .....	5
<b>Oppad.....</b>	<b>6</b>
Sal ons tot stof of as terugkeer? .....	6
"To give or not to give..." .....	7
Armoede en ons taak as christene.....	7
Christelike roeping .....	8
Onderlinge vermaning .....	10
Ek het geen "vrye" tyd nie... ..	12
<b>Voel jy ook so? .....</b>	<b>13</b>
Silver ring thing.....	13
Het ons die Bybel nodig in vandag se lewe? .....	14
Omgaan met versoekings .....	14
<b>Nog iets.....</b>	<b>15</b>
Tears of a Convert .....	15
Re(d)aksie .....	16
<b>Voetspore.....</b>	<b>17</b>
<b>Deur die sleutelgat .....</b>	<b>18</b>

# VOLGENDE UITGAWE

LET WEL: die volgende uitgawe is 'n  
**Feesuitgawe!**  
Die Olielamp vier sy 10de bestaansjaar!

Sperdatum vir dié uitgawe is

**DV 9 Julie 2006**

## **Uit die Woord**

### **Die verhouding tussen God en ons**

*Redaksie*

Al ooit gesukkel om te bid? As jy soos ek is, is daar heelwat aande wat 'n gebed 'n gesprek is met iemand wat êrens ver weg daarbo is. Jy weet nie wat om vir Hom te sê nie, behalwe dat Hy asseblief jou sondes moet vergewe en jou bewaar (dit word ons al van kleins af geleer). Maar dis moeilik om 'n regte gesprek te voer. As jy weer jou oë oopmaak, is God weer ver weg vir jou gevoel en gaan jy maar weer aan met jou daaglikse lewe, soos dit nog altyd was. Die gesprek met Hom het niks aan jou uitkyk op die lewe verander nie.

'n Donker prentjie wat ek hier teken, maar tog wel gevaarlik realities. 'n Simptoom dat jy God nie goed genoeg ken nie. Miskien weet jy nog wel Wie Hy is, maar het jy vergeet wat dit beteken. Wat kan jy van Hom verwag? Hoe tree Hy in jou lewe op? Wat is dit wat Hy van jou verwag?

Die Bybel is vol voorbeelde van Wie God vir ons wil wees en hoe Hy na ons kyk. In hierdie reeks 'Uit Die Woord' artikels wil ons fokus op 'n paar van hierdie voorbeelde, met die hoop om 'n skerp beeld van God in ons lewe te verkry en dat Hy 'n aktiewe rol in ons lewe sal speel op die manier soos Hy dit wil hê. Geniet dit!

Die ander straat

1. Ek loop in die straat af.

Daar is 'n gat in die sypaadjie.

Ek val daarin. Dit is my eie skuld. Dit vat ongelooflik lank om daaruit te kom.

2. Ek loop in dieselfde straat

af. Die gat is steeds in die sypaadjie. Ek val weer daarin.

Hierdie keer is ek vinniger daaruit.

3. Ek loop in dieselfde straat

af. Ek probeer om om die gat heen te loop, maar val daarin.

4. Ek loop in dieselfde straat

af. Ek loop aan die ander kant van die straat. Ek maak seker ek val nie in die gat nie.

5. Ek loop deur 'n ander straat.

Hoe sukkel ons nie om die verkeerde strate te vermy nie en in God se strate te loop – sodat ons in Sy weë wandel.

# Deel 1: Hy is ons Herder en ons sy skape

Rudy de Vente

*Die Here is my Herder niks sal my ontbreek nie.* (Ps. 23:1)  
Daar is baie woorde waarmee die Here beskryf word in die Bybel en die treffendste een is die *Herder*. Psalm 23 'n baie goeie voorbeeld van die Here se Herderlike sorg vir ons, sy skape. In Esegïel 34:2 sê die Here: "Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg."

## Wat beteken dit vir ons verhouding met God?

Vir ons beteken dit dat ons altyd na Hom toe kan gaan, nie net in die voorspoedige tye nie. Ook wanneer ons in tye van nood verkeer kan ons op God staat maak. Ons kan altyd op Hom vertrou dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Hy is so lief vir ons dat Hy sy enigste Seun geoffer het vir ons om ons vry te maak van die sondes. In Johannes 10:11 sê Jesus: "Ek is die Goeie Herder. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape."

Die apostel Petrus noem Hom die Opperherder. In 1 Petrus 5:4 staan daar: "en wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van die heerlikheid ontvang."

## Wat kan ons van Hom verwag?

In Hebreërs 13:20 word Jesus die groot Herder van die skape genoem. As ons gaan kyk na Dawid in Psalm 23 sien ons hy was in sy jeug self 'n skaapherder. Hy het soos 'n goeie herder die wilde diere weggejaag, hulle deur veilige bergpaadjies gelei na groen grasvlaktes, gesorg vir water en die wonde van die skape geheel met olie. Hierdie skape is dus heeltemal afhanklik van die herder om vir hulle te sorg en hulle te lei. Soos die skape afhanklik is van hul herder so is die gelowiges ook volkome afhanklik van die Herder.

## Hoe moet ons optree en hoe kan ons daaruit agterkom wat ons vir Hom beteken?

Ons moet aan Hom gehoorsaam wees en na Hom luister en soos die skape die herder volg en Hom vertrou. So moet ons ook in al ons dae vol vertrou die Here volg en alles wat ons doen tot eer van God doen.

# 'Salig is die wat treur'

Marlies Mulder

Van al die moeilik verstaanbare tekste in die Bybel moet hierdie teks seker een van die moeilikstes wees. Dat 'n mens gelukkig kan wees om hartseer te wees en dat daar 'n seën kan wees in treur, is iets wat vir ons gewone mense baie moeilik is om te verstaan.

Tog het Jesus gesê dat daar wél vir ons seën in hartseer en lyding kan wees. As 'n mens hierdie woorde van Jesus hoor kan jy aan die een kant na aan weghardloop voel maar aan die ander kant is daar 'n vreemde beloftevolle krag in hierdie woorde wat 'n stil hoop, 'n lank versweë verwagting diep binne-in ons aanspreek en roer.

Om elke dag met weemoed saam te leef is nie maklik nie en daar is min mense wat dit kan doen. Gewoonlik is ons natuurlike reaksie om daarvan weg te vlug. Die grootste probleem van ontvlugting is dat dit nie in die praktyk werk nie. Gewoonlik skep jy vir jouself net meer probleme. 'n Goeie voorbeeld hiervan is *angsdepressie*, wat vandag so 'n algemene verskynsel geword het. Geleerdes beweer dat die probleem grotendeels veroorsaak word deur 'n lewenswyse van ontvlugting en vermyding. Dit is baie insiggewend om te weet dat in arm gemeenskappe, waar die mense nie maniere het om van hul pyn en lyding weg te hardloop nie, die probleem van angsdepressie weghardloop is 'n slegte manier van leef. Hy wil ons help om op te hou weghardloop en om uit ons klein wêreldtjies en bedompige, selfgerigte voorspoed te kom. Hy wil ons vrymaak van al ons bangheid vir die negatiewe elemente van die lewe.

Hoe doen Hy dit? Deur die werklikheid van Sy troos in ons lewe in te bring. Die troos vir "die wat treur", het twee kante. Ten eerste bring die evangelie aan ons die blye boodskap dat daar in die kruisiging en opstanding van Jesus Christus iets gebeur het in hierdie lewe wat nooit weer deur enigiemand ongedaan gemaak kan word nie. In Jesus Christus is hierdie hele wêreld met al sy sonde, gered. Die wêreld is nog glad nie klaar heelgemaak nie, maar die een ding is seker; dit sal heel word! God belowe dat as ons

baie minder voorkom. Dit alles leer ons dat om van ons probleme af weg te hardloop nie so goed werk as wat ons partykeer dink nie.

Maar wat is dit wat ons van pyn en negatiewiteit laat wegvlug? Mense vrees psigiese uitwissing. Daar is by mense diep binne-in die aaklige vermoede dat hulle alleen is in hierdie wêreld. Ten spyte van baie vriendelike mense om jou, voel jy dat daar tog niemand is wat regtig

genoeg omgee nie. Daar is baie meer bang mense op die wêreld as wat ons dink. Daar is waarskynlik in elkeen van ons meer vrees as wat enige een van ons wil erken. Dis seker hoekom die woordjies: "Moenie vrees nie" en "Moenie bang wees nie" op so baie plekke in die Bybel staan. Die Switserse teoloog Karl Barth het gesê dat dié woordjies miskien meer as enige ander die konkrete, troostende betekenis van die evangelie vir ons in 'n neutedop saamvat.

Dit is baie belangrik om te weet dat die seën wat Jesus

ons wil gee nooit ver van die pyn van die lewe lê nie. Dit is hoekom God, voordat Hy ons enige tree laat gee in hierdie wêreld, eers ons voete, ons oë, ons hele lewe in die regte rigting draai.

bly lewe aan sy hand, lyding ons nog kan seermaak, maar nie vernietig nie.

Die troos het nog 'n kant. God maak ons "moeilike dae" draaglik. Dit beteken nie dat ons dae nou almal sonnig en lekker gaan word nie. Lyding en hartseer is nooit lekker nie, maar dit neem nie weg dat ons te midde van lyding, pyn en hartseer 'n diep vrede en rustigheid kan ervaar nie. Dit is die wete dat ons uiteindelik deur God se genade kan ophou vlug en leer hoe om reguit vorentoe te leef.

*Bronne:*

De Bergrede deur J van Bruggen  
Vreemde geluk deur Coenie Burger  
Die Bybel met verklarende aantekeninge



## Sal ons tot stof of as terugkeer?

Albie Agema

*Is jy **vir** of **teen** verassing? Sê jy dit is verkeerd omdat die Bybel so sê? Is jy reg? In die Bybel staan dat jy uit stof gemaak is en tot stof sal terugkeer. Die woorde "as" en "stof" word as wissel terme in Hebreeus gebruik, dit wil sê dit kom op dieselfde ding neer. Dit laat 'n mens dink..., maar sal ons nog in die hemel kom as ons onself laat veras?*

### Wat leer die geskiedenis ons?

In die Bybel lees ons van grafkelders en vlakgrafte (Gen. 49:29). Vir die Romeine en Grieke was verassing algemeen om die gees uit die "tronk" van die liggaam te bevry. In die Middeleeue is hekse en ketters verbrand, ook Christene is op brandstapels verbrand.

Die eerste krematorium wat gebou is as voorloper van die hedendaagse verassing, is in 1873 in Milaan, Italië gebou. In 1876 is daar ook een in die VSA gebou.

Aanvanklik het die kerk verassing verbied, maar dit later al meer ooglopend toegelaat. Die NG Kerk huldig tans 'n neutrale standpunt hieroor en het 'n spesifieke liturgie vir 'n verassingsdiens goedgekeur.

### Redes wat aangevoer word om verassing as praktyk aanvaarbaar te maak:

- Gesondheidsmotief – veral na epidemies
- Ekonomiese motief – goedkoper
- Verwaarlosings motief - grafskendings
- Gevaar motief - misdad
- Afstand en toeganklikheidsmotief
- Praktiese motief – grondbeskikbaarheid

### Besware TEEN verassing:

- Dit is van heidense oorsprong en agtergrond  
Vir die Grieke was die liggaam ook minderwaardig en moes verbrand word om die siel uit die liggaam te bevry.  
Soms is mense ook geoffer vir 'n afgod of om iemand anders tevrede te stel.  
Hekse en ketters is ook verbrand.
- Die Ou Testament is negatief hieroor (2 Kon. 17:17; Deut. 18:10)

Verbranding het plaasgevind waar iemand ernstig gesondig het, dink aan Agan (Jos. 7:15) of 'n priester se dogter wat hoereer. (Lev. 21:9)  
Wie nie begrawe is nie, is ook as 'n vervloekte mens gesien (Jer. 8:2).

- Die Nuwe Testament gee baie aandag aan "begrawe"  
Sien bv Luk. 16:23, Joh. 5:28, Hand. 5:6, 10 en Hand. 8:2.  
Verbranding kom nêrens ter sprake nie behalwe die "vuuroond" – wat verwys na die hel. (Matt. 13:42)  
Die graf neem ook 'n baie belangrike plek in, in die onderwys van Jesus.
- Christus is begrawe, en dit was God se wil  
As Jesus veras was, sou die tekens op sy hande en sy verlore wees.
- Eerbied vir die dooies ontbreek soms  
Soms word iemand uit wraak veras om hom 'n waardige begrafnis te ontnem, of om 'n misdad toe te smeer.  
Soms word 'n kisse met as byna vergoddelik.
- Die een is 'n natuurlike en ander 'n onnatuurlike proses  
Die dood is nie sommer 'n natuurlike saak nie maar 'n handeling van God, daarom moet die liggaam aan die aarde toevertrou word en nie aan die oond nie (Lev. 19:28).  
By verassing neem die mens self die proses van vernietiging in die hand. Dan tree die mens op as heerser van die liggaam asof dit die mens se eiendom is, terwyl dit tog God se eiendom is. Onthou ook die stof van elke mens is God se eiendom.

· 'n Begraafplaas is eintlik 'n groot saailand, waarin die liggame besig is om te vergaan maar nie om nooit weer op te staan nie. Dit is soos 'n sterwende korrel wat die kiem van lewe in hom dra. So kom daar uit die dooie liggaam 'n nuwe liggaam voort, omdat die gestorwe liggaam die kiem van die nuwe lewe in hom dra (1 Kor. 15). 'n Koringkorrel hoort tog in die grond? Dan pas 'n begrafnis tog baie beter hierby in?

### Algemeen

Dit is waar dat die manier waarop 'n dooie liggaam ontbind, geen struikelblok is vir die opstanding uit die dode nie. God sal die liggaam en gees weer op sy tyd en op sy manier met mekaar verbind. Dit geld vir mense wat in die

see verdrink het, vir gevalle waarby die menslike liggaam in 'n ongeluk of ander manier verbrand is of in so 'n mate vermink is dat daar van 'n begrafnis eintlik geen sprake meer is nie.

Maar die mense wat op soortgelyke maniere omkom, verrig nie die vrywillige, menslike daad van verassing nie.

Samevattend kan ons sê dat die proses van ontbinding van die liggaam van 'n gestorwene nie in die hande van mense gelê is nie. Ons mag met die liggaam van 'n oorledene nie maak net wat ons wil nie.

Die Skrif is in die eerste plek OPENBARING van God. Hy wil iets daarmee aan ons sê. Kom ons handhaaf dan so ver as moontlik 'n Christelike lewensstyl!

## "To give or not to give..."

*Elisabeth Raimond*

### Armoede en ons taak as christene

Dit is moeilik om te verstaan hoe om met armes om te gaan as jy nie kan verstaan hoe hulle voel nie. Hoe baie raak ons nie geïrriteerd met die mense wat alewig aan jou voordeur kom klop of met gebakte handjies langs jou karvenster staan nie. Daar is so baie van hulle, as ons almal sou help, sou ons ook bankrot wees, reg?

Daar is gemengde gevoelens as ons begin praat oor hoe ons die armes moet help. Baie armes is arm as gevolg van hulle eie toedoen, en baie is skelm en lieg vir jou, net om 'n bietjie drankgeld te kry. So wat is ons taak as ware christene nou eintlik?

Daar is baie armoede in ons land. Daar is baie opregte mense wat net nie so geseënd is soos ons nie, of wat regtig "previously disadvantaged" is en nou nie 'n behoorlike werk kan kry nie. Ek dink byvoorbeeld hier aan die sekuriteitswag



wat onderin ons gebou sit en die deur vir ons almal oopmaak elke oggend en middag. Hy werk, ten spyte van die feit dat hy eintlik moet staak. Deur te werk plaas hy sy eie lewe in gevaar, want die sekuriteitswagte wat staak is nie baie goedgesind teenoor die sekuriteitswagte wat aanhou met werk nie. Hierdie ou is regtig

bang vir sy lewe! Maar hy werk, want as hy nie werk nie, het hy nie 'n inkomste nie. Hy is altyd vriendelik, hy is al 7:00 by die werk en gaan eers 6:00 huis toe. Hy sit die hele dag en lees "Long walk to freedom" en vir Kersfees het iemand vir hom 'n Bybel gegee, wat trane in sy oë gebring het. Dit is die tipe armes wat ons as christene sou wou help, is dit nie?

Aan die ander kant het jy die mense wat alewig aan jou deur kom klop en vra vir geld, maar as jy hulle 'n broodjie aanbied, vind jy dit weer op die straathoek terug. Of die swart man wat jou pa langs die straat gaan optel het wat staan en wag vir werk, en wat na

'n uur se werk sê dat hy nie meer die werk wil doen nie. Of die straatkinders wat weghardloop uit die nagskuiling en op die straathoeke gaan bedel omdat dit beter geld maak as om kos en 'n slaapplek te hê elke dag.

Daar is baie armes wat nie gehelp wil word nie. En dit maak ons suur. Die enkele goeie mense wat regtig in nood is, wil ons nie help nie, as gevolg van al die ander wat agterbaks is of lui of eiewys.

Dit is maklik om te sit en bespreek hoe ons nou **voel** oor die saak. Maar weet jy hoe dit **voel** om arm te wees?

Die Bybel sê : *As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê : "Gaan heen in vrede, word warm, word versadig," maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.*

Ons glo dat ons nie goeie werke hoef te betoon om in die hemel te kom nie, maar wat God van ons vra, is om barmhartig te wees teenoor die armes, soos Hy ook teenoor ons barmhartig is.

Verder staan daar in Spreuke : *Beroof die arme nie, omdat hy arm is, en verbrysel die ellendige nie in die poort nie. Want die Here sal hulle saak verdedig en hulle berowers van die lewe berowe.*

Die armes is ook God se kinders en hulle het net soveel deel aan God se koninkryk as ons. God is ook die Maker van die armes en daarom is arm mense ook God se eiendom. As 'n mens dus die arme uitbuit en verdruk, beledig jy God en as jy jou oor die arm mens ontferm, eer jy God.

Al vroeg in die Bybel, in Eksodus en Deuteronomium leer God ons om sagkens en billik teenoor armes op te tree en nie hard en eisend nie. Moenie suinig wees nie, maar wees vrygewig. Wanneer 'n arme dus op jou drumpel staan, moet jy jou gevoelens van verergdheid en terughoudendheid beveg en die arme eerder met 'n sagmoedige vrygewigheid hanteer. As jy medelye het met die mens in nood, sal jy die goedheid uit God se hand beleef. Ja, wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie.

*Hulpbronne:*  
Van der Walt, K : *Jy is 'n blinkpadmens*  
Job 24:1-12

## Christelike roeping

*Paul Bouwman*

*Sit terug in jou stoel. Maak jou oë toe en dink aan die 5 dinge wat vir jou die belangrikste is in jou lewe. Dalk sport, werk, jou hond... Plaas hulle op volgorde. Van 1 tot 5. Skrap nou die laaste 4 en onthou nommer 1 terwyl jy die volgende lees.*

Waarvoor roep Christus ons op in hierdie lewe? Die antwoord van hierdie vraag begin met 'n:

### Christelike lewensstyl

As ons praat oor Christelike lewensstyl is dit belangrik dat ons besef wat dit beteken. Dit gaan in die eerste plek oor die lewe uit Christus. Christelike lewensstyl sê: nie vir myself nie, maar ek lewe vir Christus. Want hy het my met sy bloed gekoop. Ek dink nie vanuit myself nie maar vanuit Christus. Dit gaan nie oor wat ek wil nie, maar oor Hom. Wat Hy wil. Dit is 'n baie belangrike klem verskuiwing.

Die eerste vraag wat ons dus aan mekaar vra wanneer dit gaan oor 'n Christelike lewesstyl is: Het jy Christus leer ken, is **Hy** jou lewe? Dan mag Hy ook bepaal hoe jy lewe. Dit gee diepte

aan ons lewe want **dis nie meer EK nie, maar CHRISTUS lewe in my.** Dit bring dan eenheid in my lewe.

'n Eenheid in my lewensstyl. Jou lewe vertoon styl. Dit toon iets van egtheid, sorgvuldigheid en van selfstandigheid. Dit gaan om 'n stylvolle heilige lewe waarmee ons Heiland bly mee kan wees. Ons moet altyd dieselfde mense wees. Daar moet eenheid in ons lewe wees sodat ander sal sê: Dit is nou kinders van God.

Alle sleur of saamgaan met die massa is dus verkeerd. Dit moet ook nie oppervlakkig wees nie, maar vanuit die hart. Van ons word gevra om vorm te gee aan 'n Christelike lewe in lyn met God se Woord. Ons moet dus altyd besig wees om positief te groei. Nie negatief deur te kyk hoe ver ons sekere dinge kan druk nie.

Die gaan dan nie net oor Sondagsheiliging, TV kyk, Bioskoop, Kroë besoek, popmusiek ens nie. Dit gaan ook oor ons optrede na buite. **Hoe** vertoon ons onself as kerk aan dié daar buite. Dit gaan ook oor ons omgang met God, die liturgie van die erediens. Op alle terreine word

daar styl gevra. Styl beteken dus, die lewe is 'n eenheid en so moet dit ook uitkom.

Dit bring 'n duidelike verskil tussen ons en die wêreld. Ons vind dit ook in Christus se gebed vir sy dissipels (Joh 17:14-17)

Baie keer word gesê dat ons self die sonde in die huis bring deur TV, Tydskrifte ens. Maar vergeet ons dan van ons eie hart? Dis goed om lyne te stel. Maar dit hou ons nie buite die domein van die slang nie. Nee! Lees wat Christus hiervan sê in Matt15:10-20.

Die groot bedreiging kom dus nie alleen van buite af nie, maar ook van binne, ons eie hart. Daar is 'n groot verraaier in ons midde. Ons hart is nie suiwer nie. Die kategismus praat in Sondag 52 oor ons drie doodsvyande: Die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur (ons eie hart).

Daarom vra 'n Christelike lewensstyl om Wedergeboorte. Dit gaan oor my eie hart.

Mag en dan wel bioskoop of disko? Nee, dis nie waar ons begin nie. Ons moet eers met onself besig wees. En dan gaan dit oor die konkrete vrae soos:

- ✓ **Het jy die Here werklik lief?**
- ✓ **Besit Hy jou hele hart?**
- ✓ **Besef jy dat God jou met niemand anders wil deel nie?**

As jy na hierdie vrae kyk dan besef jy dat jy vanuit jouself hulle nie positief sou beantwoord nie. Nee vanuit onself kan ons nie, daarvoor is wedergeboorte nodig. Die vernuwende werk van die Heilige Gees wat ons in beweging sit om jou in gehoorsaamheid aan God te gee. Die sonde, die duiwel en wêreld, word dan uitgedryf. Christelike lewe bly wel 'n stryd. Want die vyande bly veg vir 'n plek in jou hart. Daarom moet ons leer om 'n weldeurdagte keuse vir die Here te maak, vanuit die verwondering dat Hy eerste gekies het.

Maar hoe maak ek dan hierdie keuse? Dis net oefening!

### **Die oefening in Godvrug**

1 Tim 4:7-9. Die ontwikkel van 'n eie Christelike lewensstyl vra oefening. In Woord en gebed. En dit nie met teësin maar met plesier omdat ons besig **mag** wees met die Sy Woord en dat ons omgang met Hom mag hê.

**Psa 119:15** Ek wil u bevele oordink en op u paaie let.

**Psa 119:16** Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie.

Doen ons dit nog? Gods se bevele oordink? Dit is: na aanleiding van God se geboorte nadink **oor wat die Here in my lewe wil**. Kinders wat al hoe meer lyk soos hulle Vader. Veral die 'al hoe meer' is belangrik. Daar sal in ons lewe ook groei wees, 'n groei na Christus toe, waarin ons al hoe meer die sonde gaan haat en volgens God se geboorte gaan lewe. Met hierdie dinge moet ons besig wees.

Dan word die groot vraag in ons lewe: Hoe kan ek die Here, my skepper en verlosser in **alles** dien?



'n Voorbeeld. Disko, Bioskoop...Ja of nie?

As ons hieroor 'n standpunt moet bepaal, doen jy dit vanuit **jou** eie posisie: jy is 'n **heilige, verlore kind** van God, verlos van doellose lewe en nou in gemeenskap gebring is met Hom.

As heilige stap jy ook nou oor die drempel van die disko. En 'n disko is dan 'n plek waar mense saamkom om te drink en te dans. Jy leef amper die hele week daartoe. Naweeke hou = uitgaan. Die musiek in 'n disko staan te hard aan om 'n ordentlike gesprek te kan voer, maar dit is nie belangrik nie want dit gaan om te sien en gesien te word. Alles is gerig op die liggaamlike, op die seksuele. Sels die musiek en die woorde getuig van hierdie houding. Kom die woord seks nie in die meeste liedjies voor nie? En jy dans dan op hierdie musiek.

Die Here stap beslis nie saam met ons oor daardie drempel nie. Die sfeer van die disko **vloek** letterlik met die lewe van 'n verlore. As



jy werklik eerbied vir die Here het sal jy geen moeite hê om dit te erken nie. So ook...

In die bioskoop (ook DVD's, TV, video's) is dit die selfde. God se geboorte word so gemaklik oortree en veralgemeniseer. 'n Film sonder vloek en sekuele tonele kry 'n mens nouliks. Hoeveel keer hoor ons nie 'O my God'. Raak dit ons nog wel? Raak dit ons hart? Dis ons Vader wat ons verlos het se Naam waarmee gespot word. Gaan kyk ons na Hollywood, die lewe agter die skerms, is dit enigsins Christelik?

Wat dus belangrik is, is dat ons met die Here alles wil beleef. Hy word eerste gestel in ons lewe. Dus werk aan 'n Christelike lewensstyl beteken dus eers om te werk aan 'n verhouding met die Here. Dan sal ons ook fyngvoelig wees wanneer ons keuses gaan maak oor bepaalde dinge wat ons doen, of ons houding oor dinge wat op ons pad kom.

Intensiewe oefening is dus nodig om die Here te leer ken. 1 Tim 4:7-8.

Dis soos 'n atleet wat oefen vir die groot wedloop. Ure oefen hy. Alles offer hy op. Swakhede word intensief aangewerk. Oor en oor word alles herhaal. Daar is groei en vordering. **Alles** is gefokus op daardie groot dat wat kom. Doelgerig, ywer, roetine, herhaling en volharding.

Dit is presies waaroor dit ook gaan oor die oefening van die godsvrug. Sigbaar moet dit in elke Christen se lewe wees.

Daar is so baie dinge wat 'n mens se aandag aftrek van wat belangrik is. So gou word ons verlei om ons aandag en tyd op die verkeerde

manier te gebruik. Gaan kyk maar na jou tydsindeling. Het ons nog tyd om saam met ons Vader die dag se dinge te oordink? Het ons tyd vir ander? Bybelstudie? Lees?

**Juis ons tydsindeling wys baie keer waarop die fokus in ons lewe is!**

Opsigself hoef daar dus niks verkeerd te wees met al daardie dinge waarmee ek my program vul nie. Die vraag is of dit alles betrek word in die een groot wedloop van my lewe: die jaag na die godsvrug (1Tim 6:11).

Oefening in godsvrug is dan ook soveel ryker as die liggaamlike oefening.

**Soos wat ek oefen, groei God se vrug in my. Soos wat God se vrug in my groei, oefen ek harder.**

Hierdie oefening in die Godsvrug is iets wat onder God se seënende hand mag plaasvind. God seën my gehoorsaamheid deur groter vrug in my te werk en tegelyk ook om groter inspanning te gee vir my oefening. 'n Dubbele seën van die Here!

Ook is dit nie net nuttig vir sekere dinge, maar vir **ALLES**, my **HELE** lewe.

Daar is 'n groot genadige beloning vir wie hom inspan om sy fokus by die regte dinge te hou: lewe met God, nou en tot in ewigheid! **Tyd en moeite word deur God ge-eis, maar ook ryklik beloon!**

Opsomming van 'n sprekersaand te Pretoria-Maranata Mei 2006

## Onderlinge vermaning

*Henriëtte Geleyne*

*"...julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie ... julle moet mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie". (Hebr. 3:12,13)*

Hierdie waarskuwing en aanhaling word telkens weer deur die skrywer van Hebreërs opgeneem. Hy begin deur te sê: "Sien toe" dat daar nie 'n innerlike gesindheid en ongelowigheid in hulle sal wees nie. 'n Slegte gesindheid gee aanleiding tot ongelowigheid. Die sonde kom in die hart en gaandeweg word die geloof wat in die hart was, uitgedoof. Die sorgvuldige manier waarop die skrywer hom uitdruk, gee ons 'n

kykie in die toestand van die gemeente aan wie die brief gerig is. Verder waarsku hy teen die afval van die lewende God. Die groot vraag is waaruit die afval bestaan. Ons kan aanneem dat dit verwys na 'n onverskilligheid wat ten opsigte van die diens van die Here posvat. Dit was 'n verskriklike daad van ongehoorsaamheid om Moses, die dienskneg van God, in die woestyn te verwerp. Soveel te meer sal dit 'n

groot oortreding wees om die Seun te verwerp (Matt. 21:33-46).

In Hebr. 3:13 word die broers nou aangespoor om mekaar te vermaan en aan te moedig. Hierdie vermaning het ook 'n bepaalde tydsgebondenheid. Dit moet elke dag geskied, of gedurig omdat die tyd van so 'n vermaning vir ewig kan verbygaan. Verder, die rede vir hierdie vermaning is dat dit die verleiding, die bedrog van die sonde kan afweer uit die hart. Deur gedurige sonde word die mens verhard en gaan boosheid oor in ongeloof. Daar moet dus onderling vermaan word om hierdie toestand te bekamp.

Die Bybel ken nie 'n leefwyse waar elke mens net vir homself lewe en geen tyd vir sy medemens het nie. En tog wil dit lyk asof die mense deesdae net in hulle eie lewenspaadjie belangstel. As ander verkeerde dinge doen, is dit hulle saak. Iemand anders kan maar met hulle praat. Jy wil nie betrokke raak nie. Jy wil nie jou lewe ingewikkeld maak nie of dalk wil jy nie onpopulêr wees nie. Dit is liefdeloos om jou kop weg te draai as ander al dieper en dieper in sonde wegsak.



Die Bybel beskrywe gelowiges as 'n hegte eenheid wat mekaar se blydschap en hartseer deel, wat mekaar ondersteun en wat mekaar se hande vat vir die stryd van die geloof. So word die kerk in die Bybel uitgebeeld as een liggaam (Efes. 1:23), een gebou (1 Pet. 2:4), een kudde

(Joh. 10) en een wingerdstok. (Joh 15). Op grond van hierdie eenheid moet gelowiges mekaar aanmoedig en met vrymoedigheid vermaan. Ons het mekaar se vermaning so nodig omdat ons sondige mense is wat deurgaans neig om van die spoor te dwaal. Daarom moet ons nie kwaad wees wanneer iemand ons vermaan nie. Dit is juis 'n teken van liefde en dat ander in my belangstel. So gebruik die Here mense in my lewe om dalk met 'n kort gesprek my weer tot my sinne ruk.

Om 'n dissipel van Jesus te wees, beteken dat jy onder die dissipline van Jesus lewe en Hy oefen sy dissipline uit deur middel van die vermaning van mense. Dit is nie altyd maklik om iemand te vermaan nie. Dit vra liefde en moed. Indien jy egter beseft dat jy deur vermaning die eer van God wil handhaaf en dat jy die sondaar wil help en vashou, kan jy dit deur die krag van die Heilige Gees doen. Daar bestaan geen formule vir vermaning nie. Die Bybel gee wel breë riglyne:

Vermaning is nie raas nie. Dit is iets positief wat wil opbou, aanmoedig en vashou. Jy moet dit met 'n nederige gesindheid doen. Wanneer jy vermaan moet jy dit nie vanuit die hoogte met 'n gesindheid van "ek is beter as jy" doen nie. Dit is waarom Paulus in Galasiërs 6:1 sê: "... as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp".

Soms kan die omstandighede van so 'n aard wees dat jy ingrypend moet optree om so iemand soos 'n stuk brandhout uit die vuur te ruk. Onthou dat die krag van jou vermaning nie in jou slim woorde lê nie, maar in die gesag van die Bybel wat jy in jou vermaning bring. God het nie behae in die dood van 'n sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe (Eseg. 18:23). Daarom is elke vermaning deur jou as klein mensie die roepstem van God. Jy bedien met jou vermaning God se liefde.

Bronne: Die Brief aan die Hebreërs (Dr. F.C. Fensham)  
Jy is 'n blinkpad mens (Dr. Kobus van der Walt)

# Ek het geen "vrye" tyd nie...

Cobus Kampman

*Het ons nog vrye tyd? Tyd vir onself? Of voel ons dat elke moment van die dag alleen nuttig bestee moet word? Iets net vir jouself doen? Of 'n oomblik net 'niks' te doen nie, mag eintlik nie? Want dit is vermorsing van tyd...*

Hoe staan dit met ons as jeug? Word ons tyd, nadat ons uit skool of universiteit kom, nie ook gevul met verpligtende aktiwiteite nie? Want ons moet mos ook huiswerk doen, vir swemlesse gaan, katkisasie? Van God kry ons, ons tyd. Ook ons vrye tyd kry ons van Hom. Tyd vir ontspanning. Vrye tyd om tot Sy eer te gebruik. Hoe doen ons dit dan?

Aktiwiteite is belangrik vir ons as jeug vir 'n goeie ontwikkeling. Dit kan baie leersaam wees, om saam met 'n paar vriende of alleen iets te gaan doen. Aktiwiteite te beoefen (te ontspan) is iets wat ons nie mag misloop nie. Maar as die tyd, wanneer ons van skool af kom tot ons bed toe gaan, heeltemal gevul word met verpligtinge, kry ons dan nog kans om gewoon lekker uit te gaan of net te ontspan?

Die ontwikkeling van ons talente is iets wat God van ons vra. Dit kan as 'n rede wees om iets meer te doen as net skool of universiteit. Dan is dit ook moeilik om te besluit wat om te doen. Waarin is ek goed? Wat wil ek eintlik doen?

Wat belangrik is, is om vooraf te besluit watter sport ek gaan beoefen of watter instrument ek gaan bespeel. Dan is deursettingsvermoë ook

baie belangrik. Om iets net vir 'n maand te doen werk ook nie. 'n Mens kan ook iets aanleer, dit wil sê leer om daarvan te hou.

Baie van ons vrye tyd word gespandeer voor die televisie. Dit moet nie 'n gewoonte raak nie. Dan sê mense "vat liewers 'n boek en begin lees, dit is baie beter." Dit is waar! Maar daar is ook baie leersame programme op die televisie, soos natuurprogramme ens. wat interessant is.

Sommige van ons hou nie van lees nie, dan help dit ook nie om iemand te dwing nie. As jy iets doen waarvan jy hou, sal jy dit mos beter doen as iets waarvan jy niks hou nie. Ons is so deur God geskape. Elkeen het sy eie belangstelling. Dit aanvaar ons dan ook so. Dan dank ons God vir die talente wat ons gekry het.

Laastens, om vrye tyd saam met die gesin deur te bring is ook baie verrykend. Die gevoel van verbondenheid en veiligheid kan deur die spandering van jou tyd met die gesin vergroot word. Ook hierdie kosbare tyd saam gee God ook aan ons.

Mag ons nie vergeet om Hom vir hierdie kosbare oomblikke met familie en vriende te dank nie.

*We must spend time with the master  
before we can have a servant's heart*

# 🎯 Voel jy ook so?

## Silver ring thing

*Reinier en Renita de Haan*

Ons as die jeug van Johannesburg het 'n paar Sondae gelede die onderwerp gehad "eerbied vir jou liggaam." Ons het 'n baie goeie bespreking gehad en toe het "The silver ring thing" ook ter sprake gekom.

### **Wat is dit?**

Dit is 'n ring met 'n teks op (1 Thess. 4:3,4) "want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer." Hierdie ring word aangebied deur mense wat 'n vertoning hou met musiek en opvoerings. Deur hierdie vertonings by te woon kan jy vir jou 'n ring koop. Jy kry saam met die ring ook 'n Bybel. Deur hierdie ring maak jy dan 'n belofte aan die HERE (dus 'n gelofte), dat jy nie voor jou huwelik gemeenskap met 'n man of vrou sal hê nie.

Dit het begin in Amerika na aanleiding van die hoë seksuele omgang by jongmense. Ook as gevolg van pornografie, T.V., internet, ens. Die ring is daar om jou te herinner aan jou belofte aan die HERE. Die vertonings word baie aantreklik gemaak met energieke musiek, TV's, rekenaars, beligting ens., sodat meer jongmense dit sal wil bywoon. (WOW, wat wil jy nou meer?). Dit is 'n baie groot organisasie met takke regoor die wêreld wat by skole, kerke en dies meer langs gaan.

### **Kan ons hiermee saamstem en hoe staan ek as Christen hierteenoor?**

Dit klink baie goed, 'n mens kan nie stry nie. 'n Ring wat jou help om jou te onthou van seksuele omgang voor die huwelik. Dit is seker op 'n manier deel van evangelisasiewerk. Op sig probeer hierdie groep mense iets positiefs doen, want ons lewe in 'n losbandige wêreld en siektes soos VIGS kom steeds meer voor.

Maar eerstens kan ons onmoontlik 'n belofte aan God maak en dit hou. Ons is van nature geneig tot sonde, dus hoe kan ons? Om 'n gelofte te maak is om God, as die enigste Kenner van die hart, as getuie aan te roep en dat Hy ons sal straf as ons nie die belofte nakom nie." (Sondag 37 vraag & antwoord 102). Deut. 23:21 "As jy

aan die Here jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die Here jou God sal dit sekerlik van jou eis en dit sal sonde in jou word" of Pred. 5:3,4 "as jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevallen in dwase nie." Betaal wat jy belowe. Dit is dus beter dat jy nie so 'n belofte aangaan nie, want ons is sondig en sal maklik in die versoeking val.

Tweedens: het ons nie reeds twee baie mooi tekens van die Here gekry nie? Tekens wat ons gou miskyk. Die doop en die nagmaal (NGB Artikel 33). Die Here het vir ons hierdie sakramente gegee omdat Hy weet dat ons swak en sondig is. Dit is vir ons ingestel om Sy beloftes aan ons te beseël, tekens van Sy goedheid en genade, om ons geloof te voed en in stand te hou. Ons is ongelooflik bevoorreg met die seëninge wat die Here vir ons gegee het. Hy het ons duur gekoop met Sy kosbare bloed. Christus het met ons 'n verbond gesluit, 'n verbond wat ewig vas bly staan dat ek as Sy kind Hom sal dien en eer!!! Gelukkig het ons nie die verbond met Hom gemaak nie.

Die ring vergewe nie jou sondes nie, dit maak dit eintlik groter, want as jy jou belofte breek dan het jy indirek twee keer gesondig. Jy slaap rond en jy het jou belofte gebreek. Ons kan ook nie die Here dien soos wat ons dink goed is nie. Hy sê vir ons in Sy woord hoe ons Hom moet dien. Nie met ringe nie... dit is ook nie 'n nuwe ding nie. Kyk maar na die "What Would Jesus Do"-bandjies, as dit so goed was, waar is dit nou? Was dit nie maar ook net 'n modegier nie? Twee of drie jaar later het mense al weer vergeet daarvan, sal dit nie ook so gaan met die ring nie? Ons is mense. Ons wil sien en voel en dit mag, maar dan na God se wil. Die volk Israel wou ook sien. Hulle wou God by hulle hê, toe maak hulle 'n goue kalf. Hoe kan ons nog 'n ring wil dra wat ons, so te sê, daaraan herinner dat ons nie die belofte sal kan hou as ons daarop vertrou nie? Laat ons ook veral let op die waarskuwing wat die Here vir ons gegee het: Matt. 7:15 "Maar pasop vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is."

# Het ons die Bybel nodig in vandag se lewe?

Henrike Ros

Baie mense dink die Bybel is onbelangrik, outyds en van geen nut nie. Sommiges beskou die Bybel as 'n wetenskaplike handboek terwyl ander dit as 'n geskiedenis-handboek sien. Hoe sien ons die Bybel in vandag se lewe?

## Wie het die Bybel geskryf?

Ons weet van 'n paar mense wat die Bybel geskryf het soos Moses wat die eerste vyf bybelboeke geskryf het. Ander soos Matthéüs, Markus, Lukas, Johannes en Paulus wat al sy sendingsreise opgeteken het. Daar is nog vele meer. Dawid het baie van die psalms geskryf asook Asaf. So kan ons aangaan, maar wat is die doel dan van die Bybel?

## Die doel van die Bybel

Die doel van die Bybel is om ons op die regte spoor te hou. Die Bybel is ook daar om ons sekerheid te gee oor dinge waarvoor ons wonder. Dit is daar om ons in geloof op te bou en om meer van die Here te leer. Die belangrikste is dat Hy in Sy Woord vir ons sê hoe ons moet leef en Sy tien gebooie moet onderhou wat Hy vir ons laat opteken het. Die tien woorde van die verbond is nie verniet by Horeb vir Sy volk gegee nie. Die Bybel stel ons in staat om 'n verhouding met God te skep. Dit rus ons ook toe met die nodige vir die stryd teen die sonde. Met die woorde van die Bybel kan ons ander mense se beskouings en optredes beïnvloed sodat dit tot eer van God kan wees.

## Vir wie is die Bybel geskryf?

Die Bybel is vir almal geskryf. Nie net vir die Jode nie, maar vir almal. Maar die Bybel moet ook reg gelees word anders sal 'n wanindruk verkry word. Die vereistes vir nuttige Bybelstudie is geestelik eerder as verstandelik.

Daar is vyf vereistes wat jou met Bybelstudie kan help naamlik:

## 1. 'n Wil om te gehoorsaam

As jy nie graag aan die Here gehoorsaam wil wees nie, sal jy ook nie die moeite doen om die Bybel te verstaan of te bestudeer nie.

## 2. Konsentrasie

Woorde soos "soek", "nadink" en "ondersoek" word in die Bybel gebruik om aan te dui hoe jy moet lees om die grootste voordeel uit jou Bybelstudie te verkry.

## 3. Geduld

Geduldige oortuiging dat die Woord van God betroubaar is, sal die gelowige deur moeilike tye help.

## 4. Volharding

As jy volhard, sal jy die skatte van die Bybel ontdek.

## 5. Onderwerping aan die Heilige Gees

Die Heilige Gees gee jou die insig in die gedagtes van Christus om jou in staat te stel om die lering van eeue gelede in jou lewe toe te pas.

## Hoe moet ons die Bybel vandag gebruik?

Ons kan begin deur op Sondae kerk toe te gaan en na die prediking te luister. Verder kan ons katkisasie en vereniging bywoon saam met die ander lede van ons gemeente. Ons moet ook op ons eie Bybelstudie doen - of dit nou in die oggend is wanneer jy wakker word of in die aand is as jy gaan slaap, dis noodsaaklik om elke dag uit die Bybel te lees. Ons moet die Bybel só gebruik dat dit vir ons soos riglyne sal wees vir die geestelike lewe en dat dit tot opbouing van ons geloof is.

Dus loof God omdat hy goed is! Loof Hom omdat Hy vir ons die Bybel gegee het tot opbouing van ons geloof en dank God vir die werking van die Heilige Gees in ons harte!

## Bronne :

-Handboek by die Bybel  
-Die Bybel

# Omgaan met versoekings

Eric Danielz

Jannie sit die TV aan, want vandag kom sy fliëk op waarvoor hy so lank gewag het. Maar wat Jannie nie geweet het nie is dat daar baie geweld, seks en vloek in is. Sy gewete begin met hom praat, moet ek die tv afsit en nie iets anders gaan doen of moet ek die fliëk maar klaar kyk?

As Christene vind ons onself in baie sulke situasies soos wat met Jannie gebeur het. 'n Mens kry baie situasies waar jy belangrike besluite moet maak, maar dis nie so maklik as wat 'n mens dink nie. Veral met klein beproewings soos om sonder jou ouers se toestemming 'n koekie uit die bak te vat. Ons dink nie altyd aan die gevolge nie, want eintlik is

dit steel wat teen die wet van God is. Maar seker die ergste beproewing is die afsterwe van 'n familielid of een van jou vriende. Bv. jy bestuur en jou vriend verongeluk as gevolg van jou. Dan gee ons soms die Here die skuld: "Hoekom" en "ek moes liewers in die ongeluk gesterf het." By die gebeure moet die hele familie en die kerk waarin jy is jou deur die moeilike tyd help. Seker die effektiëste manier is die gebed. Beproewing is 'n toets van God waar Hy kyk hoe sterk jou geloof is en die gevolg van die beproewing. Dit kan insluit: 'n swak toetspunt, 'n motorongeluk, 'n kaping, diefstal of die afsterwe van geliefdes.

In die Bybel was daar baie mense wat deur God beproef is. Natuurlik was die eerste mense Adam en Eva wat die slang se leuens geglo het en van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het. Of toe Moses van die berg Sinai afgekom het met die kliptafels, toe hy sien hoe die volk die goue kalf aanbid. Job wat letterlik alles verloor het; Petrus wat Jesus drie keer verloën het is ook goeie voorbeelde.

Vandag is daar meer en meer dinge wat ons in die versoeking kan lei. Veral dobbelary is 'n groot versoeking omdat mense hulle vertroue in geld stel, en nie meer op God vertrou nie. Tegnologie word beter, en dan begeer ons die produk en nie meer die Woord van God nie. Klere kan ook 'n versoeking wees bv. meisies wat baie kort rompies dra. Sport wat op Sondae gespeel word kan 'n mens aflei van die eredienste. Soms aanskou die ondersteuners hulle helde as afgode; terwyl hulle nie in God belangstel nie.

Maar as Christene moet ons bewus wees van die dinge wat ons in versoeking kan lei. As ons beproef word moet ons God vir bystand vra – want sonder God is die stryd verlore. As gemeente moet ons ook hulp aanbied vir wie in verdrukking is. Die troos vir ons as Christene is dat God niks op ons pad sal stuur wat ons sal oormeester nie – want Hy stuur Sy Hulp en genade.

"Ek is in alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13)

---

# Nog iets

---

## Tears of a Convert

The Afghan-woman stands,  
hidden by her clothing,  
with painful gun in hand

She has lost her husband  
yet raised his sons,  
now she has betrayed her god  
for the God who forgives

And with sorrow she watches her children  
digging gun-shells from the copper sand  
and as they play between these blown-up houses  
it is the God she hopes to understand

Because, even in her Baghdad home  
she knows this God looks from the skies  
And under her veil  
the Afghan-woman cries...

Eleanor Bron

# Re(d)aksie

In die April uitgawe van Die Olielamp het daar 'n artikel verskyn van die ouer jeugvereniging "Die Olyfboom". Die skrywer het vertel van die aktiwiteite wat hul vereniging beoog. Sekere van die inhoud van die artikel het egter vrae by sommige lesers opgeroep. Die redaksie het die reaksie oorweeg en kan hulself daarmee vereenselwig. Die bedoeling is nie om intensief daarop in te gaan nie, maar hou kortliks die volgende in:

Eerstens kan ons sê dat ons vandag nie meer leef in die bedeling van die onvoltooide Skrifwoord waartydens die Here ook van drome gebruik gemaak het om sy wil bekend te maak nie. God spreek vandag tot ons deur sy voltooide en genoegsame Woord (sien Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis). Niemand kan vandag meer daarop aanspraak maak dat die Here in drome of op ander maniere openbarings gee nie. In Gospel musiek en Charismatiese kerke glo hulle wel in die direkte kontak met God. Ons kan gevolglik nie daarmee instem dat die naam van die vereniging deur 'n droom aan iemand bekend gemaak is nie. Die gevaar dreig dat die werk van die Heilige Gees losgemaak word van die Woord. Die een word dus belangriker geag as die ander (lees gerus Ef. 6 : 10-20). Ef. 6:17 '...en die swaard van die Gees – dit is die Woord van God.' Dit is duidelik EEN.

Tog kan ons dit wel maklik verstaan as iemand op grond van Bybelkennis die naam Olyfboom as naam vir 'n vereniging gekies het. Vanuit die Ou Testamentiese tyd en simboliek – 'n naam met ryk betekenis. 'n Pragtige naam. Die naam Olyfboom wys hoe belangrik die geloofsgroei en geloofswerk is

deur die Heilige Gees geïnspireerde Woord. Olyfolie word ook in die Bybel gebruik om mense te salf as teken dat hulle van die Here 'n hoë roeping ontvang het. So het ons as kinders van God ook 'n hoë roeping op aarde ontvang.

Verder is daar gevoel dat ons versigtig moet wees met die term "smake verskil". Dit is verstaanbaar wanneer dit gaan oor sake wat nie Christelik is nie (ook genoem middelmatige sake), maar as dit gaan oor beginselsake, mag ons mekaar nie loslaat sodat elkeen maar kan doen wat goed is in sy eie oë nie. Ook nie wat musiek betref nie. Daar moet ons mekaar ook altyd weer aan die Bybel bind. Die Bybel bly altyd ons toetssteen en norm.

Die laaste punt is die term "onderbewussyn". Die Bybel leer ons dat die Heilige Gees deur die Woord in ons **hart** woon en werk (2 Kor. 3:3). Ons sou ook eerder praat van groei in die lewe met Christus of dat ons hoe langer hoe meer deur die werk van die Heilige Gees deur die Woord navolgers word van ons Here Jesus Christus. Met hart en verstand. Met die wapenrusting van God aan soos die skrywer tereg opgemerk het. Volgens Efesiërs 6:12 blyk dit nogal nodig te wees, aangesien ons worstelstryd nie teen vlees en bloed is nie maar teen die bose geeste in die lug.

Die redaksie vertrou dat bogenoemde vir almal perspektief sal bied.

Yessss ouenssss hoe lyk 'it?

Na 'n paar ure se wik en weeg, het ek besluit om hierdie artikel in Afrikaans te konstrueer. U mag uself dalk afvra hoekom dit so 'n lang oorweging verg. Eerste van als, bloot die skryfdaad was al 'n vraagstuk op homself. To write or not to write, soos wat dit elders in hierdie blad ongeveer staan. Skrik nie, liewe lesers, plaas eerder bietjie geld oor in die Olielamp se rekening. Sien, die Olielamp het niks geld nie (altans, die Olielamp redaksie wat in die mees ekonomies welvarende provinsie van Afrika gevestig is), en "elke letter telt aan", soos my ma sou sê. En die letters groei afterall nie aan bome nie. Egter, ek het goed besef dat die Voetspore terdeë werd is om in die modder van ons finansiële krisis afgedruk te staan, ook al is dit dan die nietige afdruk van Pep Stores skoensole. Ek kom later op hierdie punt terug. Eers moet ek u uit die duisternis haal oor die Afrikaanse kwessie. U dink natuurlik dat ons "nuwe regering" nou die Voetspore verbied om met die metaforiese vellies sy merk te maak. Hulle vat ons stad se naam, nou vat hulle nog ons Sondagoggend-voor-kerk-leesmateriaal ook.

Niks hiervan is waar nie. Dit behels nog veel groter proporsies. Nederland het ons stad invade, en miskien die Voetspore ook! Moet die Voetspore nou Nederlands word?

Alhoewel ek weet dat dit absoluut mental is om al die Nederlanders se name te noem wat hier was, gaan ek dit tog wel doen, want die Olielamp se bankrekening is tog al leeg, en wat maak 'n paar woorde nou verskil? Goed, ons begin met 'n groep stagiaraire (vreemd genoeg het die spelling my ontgaan), wat – can you believe – onderwys studeer. In Nederland noem hul dit PABO. Dit staan vir "Paddington BO!", want meeste PABO-studente hou van Paddingtonbeertjies, en hul studierigting gee nou erkenning daarvoor. Verder hou die meeste PABO-studente ook van Jip en Janneke, maar hierdie groep swyg hieroor soos die graf. Hul name word nie verswyg nie, en haal nou selfs die landelike pers. Here it comes: Evelien van Dalfsen, Jolanda Douma, Heske van de Groep (al is haar doopname veeeeeee leuker, het ek dit helaas vergeet), Alinde Holsappel, Alien Janssen, Ellen van de Linde en Rijanne Veurink (ding! Lui daar al 'n klokke?). Om almal se lewensgeskiedenis te verduidelik sou die Olielamp volledig ruïneer, maar wat ek kan sê is dat daar, om mee te begin, something fishy is aan almal en dan veral Heske. Sy kom dan ook

uit Spakenburg. Maar die mees merkwaardige is die manier hoe almal in die kerk inloop. Omring deur vele locals, lyk hul binnetreding op 'n Sondag soos 'n vroegtydige immigrasie van die wildebees in Kenia. Nothing fishy about that. Eerder Wildebeeshy.

Afsonderlik hiervan is daar nog 2 Nederlandse female stageaires (??), genaamd Boxhoorn, Catharina en De Goeij, Jo-Anne. Voor sokkergeesdriftige hul disposable camera's uithaal, nee, geen familie van the Great Ed de Goeij. Wel van Thys van der Hout. Maybe tog 'n Kodak moment?

En dan was daar – laastens – nog 2 Dutchies, Arnold Molenhuis en Gertjan Mugabe. Gertjan was die brein van die twee, Arnold die afwasmasjien. Gertjan het naamlik sy immense potensiaal as wêreldleier bewys deur 2 olifantjies – gemaak van regte dennehout en quartz – vir 'n spotgoedkoop R 500,- te koop. Only at your nearest Verimark. As hy dit tog maar net aan die Olielamp kon skenk... Ek bedoel natuurlik die olifantjies.

So, auslander raus, nou is dit die locals se beurt, en ons begin met Maranata se redaktrise wat nie haar Olielamp ledegeld wil betaal nie, en wat nou amper u vermaak gekos het. Kyk voorin vir haar naam, en ook u plaaslike penningmeester en sorteer dit uit. Julle moet opstaan vir julle regte!

Dan het Maranata 'n sosiale tydverdryf by die dominee gehad. Soos u dan al kan aflei, het hulle Bybelse vasvrae gehou, scrabble gespeel, sjokolademelk gedrink en toe 9 uur bed toe gegaan, nadat hulle netjies hul tande geborsel het. O, sorry, verkeerde inligting, intendeel: die dominee het vasvrae gehou oor die jeuglede se romanse, en volgens betroubare inligting niks uitgevind nie. Mense vermoed dat sy naam vir dié rede nie ds. Sherlock van Alten is nie, maar gewoon ds. Erik van Alten.

Intussen het die jeug met groot getalle na Soshanguve gegaan. Dit was om 'n kerkdien by te woon. Nie almal het die hele diens gevolg nie of liewer: almal het nie die diens gevolg nie, maar dit was nog steeds 'n goeie ervaring.

En hiermee los ek u weer, ek mors net my redaksie se geld. Tot – hooplik – 'n volgende keer Voetspore





# Deur die sleutelgat

Ek begroet u, o leser, met 'n broederlike kus. Welkom!

Na die Paasfees tydperk wat redelik woelig was met baie tyd om te verspeel as gevolg van al die lang naweke, het die jeug hul belde stywer getrek, 'n diep teug vars lug ingeasem en boeke begin verslind. Boeke verslind is nie 'n abnormale verskynsel onder hierdie begaafde, en uiters geleerde groep jongeres nie. Nee, gewis nie. Verskeie kere was daar al klagtes van vriende en selfs familieleden dat uitnodigings vir 'n braai of 'n bordspeletjie van die hand gewys was aangesien die betrokke jeuglid besig was om hom of haar te verdiep in 'n boek.

Hierdie tipe gedrag het wel ge-eskaleer oor die laaste paar weke en dit was nie moeilik om die oorsaak daarvan te bepaal nie. Ekskens lê om die draai. Bio-plus maak rekord winste en die uitsaaiwese het gekla dat kyk-syfers erg gedaal het. Nietemin vergeet die jeug nie dat hul soms moet ontspan nie en was daar wel een-of-twee sosiale geleenthede.

Koffiedrink was nou juis die aand by Harold. Die menigtes het toegesak om te ontspan na 'n lang, uitmergelende week van studeer. Terwyl Albert en Johan vir Jan onderwys het in die fynere kunsies van oorleef in die woestyn met net jou switserse sakmes en 'n nat boksie vuurhoutjies, het die res "van die wa af" gespeel. Hierdie spel is so ontwerp dat kinders van 3jarige ouderdom en hoër ook kan deelneem. Kortliks gestel: dit is 'n uiters maklike en onnosele speletjie. Vele sulke speletjies bestaan en die doel daarvan is om tyd te verwyd en 'n ontspanne sfeer te skep waar gesprekke kan bloei. Corlia het wel gedurigdeur gedink dat Christiaan "van die wa af" is met sy ongewone, dog humoristiese, gedrag. Nietemin was die aand baie genotvol.

Altyd 'n hoogtepunt op die kalender is Fijma se verjaarsdag. Sy het stilletjies verneem dat die tradisie onder die gesoute jeuglede vereis dat daar gebraai moet word om die geleentheid te vier. Die weer het darem nie die verrigtinge in die wiede gery nie en met die mobiele warm-water kruik wat sommer na jou toe aangeloop gekom het, het niemand die effense koue gevoel nie. Annamarië was op haar stukke en het haar gehoor bekoor met staaltjies...

Die geheime oefenprogram van die Geertse, Chrisjan en Anneli was toe al die tyd gemik op die Heart Foundation Half-Marathon. Anneli is al 'n gesoute atleet wat die wêreld aan haar voete het. Sy het geen bekendstelling nodig nie. Soos die verhaal van hasie en skilpad het die jong en

energieke jeuglede met gusto weggespring. Jan en Chrisjan het binne die eerste paar kilometers 'n reuse voorsprong opgebou maar die stamina het ontbreek en stadig maar seker het oom Eise hulle ingekatrol en op die ou einde gerieflik gewen. Almal het die wedloop voltooi en ons is trots op hulle!

Ander goeie nuus is dat ons saam met die Gereformeerde Kerk te Bellville-Oos (reg om die draai) hul uitgebreide kerksaal gaan inwee met 'n sangaand! Dit is andersins miskien nie sulke goeie nuus vir Albert Drijfhout nie. Die goed geskoolde binnehuisversierder van kerke was hoeka daar aan die verf toe hy van 'n hoogte van 8 meter na benede gestort het. Daar was vrese dat sy rug ernstig beseer was maar die dokters het niks ernstigs gevind op die x-strale nie. Ons vertrou dat hy spoedig op die been sal wees, hy het al goed herstel maar ondervind nog effense pyn. Mag die Here jou gou gesond maak Ap.


In ander nuus het Freddy Strydom werk gevind nader aan die huis, oftewel kerk, en gaan sy tuiste van Caledon verruil vir Bellville. Hy is nou eers vir twee weke in Nederland om 'n troue by te woon en Siebe is in sy noppies daarvoor, en sy ouma (tannie Nel Cordia) ook wat vir 'n geruime tyd daar vertoef. Nog iemand wat in sy noppies is, is Chrisjan wat die huis oppas vir twee weke! Gelukkig was Freddy al weg want met 'n goeie vertoning van die Sharks was hy seker oortuig daarvan dat die Stormers darem nie met meer as 32 punte sal verloor nie... En soos die Stormers altyd maak oortref hulle almal se stoutste verwagtinge deur die powerste vertoning te lewer van die hele jaar. *It's just not cricket...*

Laaste maar nie die minste nie was daar koffiedrink by Rigardt. Hy was 'n jaar jonger en almal het hom gelukkig en dadelik hulle gewend tot die tafeltennis tafel waar Nina, jammer, Anja met supersoniese handbewegings die balletjie laat kreun het van die pyn. Die teenstanders was verder nie veel beïndruk nie aangesien min hou die tafel bereik het. Veels geluk Rigardt en Fijma jy ook hoor!

Ek hoop die eksamens het goed verloop en mag julle jul moë kortekse rus in die vakansie. En onthou: Die *ihibertu selecouise* is 'n nagdier.

Snoekie Zikelela, SABC Nuus, Kaapstad...

## BIBLE PUZZLES



### Bybelblokkiesraaisel (nuwe vertaling)

#### Dwars:

1. Voor hy bekeer is, was Paulus 'n ... yweraar vir die oorgelewerde leer van sy voorvaders (Gal. 1)
9. Dié koning was bang vir Johannes die Doper omdat hy besef het hy is 'n opregte en godvresende man (Mark. 6)
10. ... en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde (Ps. 103)
13. Die apostel se naam vir Josef, 'n Leviet wat op Siprus gebore is (Hand. 4)
15. Verklaring waarby God as getuie geroep word
16. Ons het dieselfde ... wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook (2 Kor. 4)
19. Emeritus (afk)
21. Gelag (afk)
22. Abram het in die Here ... en hy het hom dit tot geregtigheid gereken (Gen. 15, Ou vert.)
23. Ahiam, die seun van ..., die Harariet was een van Dawid se dapper helde (1 Kron. 11, Ou vert.)
25. Bladsy (afk)
26. Julle moet nie ... word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur ... en geduld deel gekry het aan dinge wat God beloof het (Heb. 6, twee woorde)
29. Wanneer ongewone klanke of tale by 'n kerkbyeenkoms gebruik word, moet 'n ... by wees (1 Kor. 14)
30. Radon (simbool)
32. Juda het met ..., die dogter van 'n Kanaanitiese man, getrou (Gen. 38, Ou vert.)
33. Toe Jesus die tempel reinig, het hy vir die mense wat ... verkoop gesê: 'Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie' (Joh. 2)
34. Renuim (simbool)
35. Agtste maand van die Joodse jaar
36. Amos was 'n skaapboer uit ... (Amos 1)
37. Josef het vir sy broers gesê hy stuur hulle sonder Benjamin na hul pa toe sodat hy kon weet of hulle ... is (Gen. 42)

#### Af:

1. Yster (simbool)
2. Argon (simbool)
3. Hy het Kenat en sy buitedorpe verower en die plek na homself genoem (Num. 32)
4. Twaalfde maand van die Joodse jaar
5. Toe Eli dink Hanna is dronk, het sy geantwoord dat sy nie gedrink het nie, maar ... is (1 Sam. 1)
6. Hagar moes haar seun ... noem, want die Here het haar swaarkry gehoor (Gen. 16)
7. Jakob het Esau se reg as ... en sy seën gevat (Gen. 27)
8. Johannes moes aan die gemeente van Smirna skryf dat die ... party van hulle in die tronk sal gooi (Open. 2)
9. 'n Hebreeuse letter
11. Hoë Bloeddruk (afk)
12. Alkoholiste Anoniem (afk)
14. Dissipel beteken volgeling en apostel beteken ...
17. Ehud het dié koning van Moab vermoor (Rig. 3)
18. Toe Jesus verheerlik is, het sy gesig gestraal soos die ... en sy klere wit geword soos die lig (Matt. 17)
20. Uit ..., bekend as Magdalena, het 7 bese geeste gegaan (Luk. 8)
21. Dié seun van Ebed het Abimelek gedaag en gesê: 'Bring maar jou groot lêer!' (Rig. 9)
24. Een van die vyf stede van die Filistynse regeerders (Jos. 13)
27. ..., seun van Maki, uit die stam van God, was een van die verkenners wat Moses uitgestuur het (Num. 13)
28. 'n Seun van Gad (Gen. 46)
31. Die nuwe Jerusalem se muur is met ... gebou en die stad self met silwer goud (Open. 21)
35. Bismut (simbool)

## "Letterfall"

Om op te los, pas die letters in elke vertikale kolom in die blokkies direk daaronder om woorde (wat van links na regs gelees word) te vorm. Die letters word nie noodwendig in die korrekte volgorde gegee nie. Elke letter word net 1 keer gebruik. 'n Swart blokkie toon die einde van 'n woord aan. Wanneer al die letters in die regte blokkies geplaas is behoort dit 'n Bybelvers uit die Afrikaanse 1953 (Ou) Vertaling te vorm. (Leestekens is verwyder)

S	A	O	T	M	D	E	E	I	G	E	R	K	E	I	S	R	Y	E	R	I	T	A	E	I	E	N	G	D	A	T	S
W	O	E	N		H	I	D	D	I	E		E	E	D	E	H	V	G	E	H	A	W	N		E	O	V	E	I	N	E
H	I	N	G		O	Y			H	E		N	N			I		U		E		D	N				T	R	E		

## Do you know me?

### #3

I was a giant in my country and people bowed to me  
 And if for some reason they didn't their life would no longer be  
 My king was mighty powerful God's people he did attack  
 And even with their history of war they could not push him back  
 Of course I'm in the Bible and I know that doesn't mean I'm right  
 But there upon the Bible pages you will even find my height  
 I was extremely valuable and before great people I did appear  
 Musicians stood all around but their music I did not hear  
 And what I'm about to tell you I want you to know it is no joke  
 That even with people all around words I never spoke.

### #4

On the pages of Scripture I am commended  
 But my one true love I offended  
 I labored for him and did not faint  
 I was also patient just like a saint  
 I found the liars and wrong deeds made me heave  
 But repentance I needed because my love I did leave.

(antwoorde in volgende Olielamp uitgawe)

Antwoorde van vorige uitgawe:

Letterfall Psalm 149:1 Halleluja! Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote!

Do you know me? #1 Lazarus #2 Koningin Ester

## Bid vir ...

- 'n Hart gerig op God
- Leiding op jou lewenspad
- Mense wat in hierdie koue moet oorleef



## Verjaarsdae

### Johannesburg

Max Boessenkool 20-Jun

### Kaapstad

Heléne Hofsink 2-Jun

Nicolette du Plessis 6-Jun

Marcel du Plessis 19-Jun

Melissa Nicholson 23-Jun

### Maranata

Marlene de Vente 5-Jun

Egbert Kampman 22-Jun

### Pretoria

Hilde Kamphuis 2-Jun

Willem de Jager 3-Jun

Marius Bijker 9-Jun

Lieze Bron 9-Jun

Gerrit Bron 11-Jun

Mariëtte Bron 11-Jun